W. E. Failing, H.-G. Heimbrock en T.A. Lotz (reds.)

# RELIGION ALS PHÄNOMEN, SOZIALWISSENSCHAFTLICHE, THEOLOGISCHE UND PHILOSOPHISCHE ERKUNDUNGEN IN DER LEBENSWELT

Theologische Bibliothek Töpelmann, Band 111

2001. Berlin & New York: Walter de Gruyter.

Toe die resensent die boek opneem, was sy eerste gedagte dat dit primêr verband sal hou met godsdiensfenomenologie, 'n vertakking in die studieveld van godsdienskunde wat poog om die wese van godsdiensverskynsels te identifiseer en dit te beskryf. Die subtitel gee ons 'n aanduiding dat dit meer gaan om lewensverskynsels met navrae daaroor vanuit die sosiologie, teologie en wysbegeerte. Dit word eers duidelik met die lees van die boek van die begin dat dit gaan om 'n praktiese teologiese besinning oor die verstaan van die religieuse verskynsels in die alledaagse lewe en wat die studie daarvan kan bydra tot die funksionering van Praktiese Teologie. Hierdie ondersoek word uit verskillende hoeke gedoen en deur verskillende teoloë, filosowe of sosioloë. So, byvoorbeeld in die bydrae van Hermann Deuser word fenomenologie semioties verstaan. Die grondbegrip simbool word realisties bepaal en die religieuse simbole word in hulle vermoë om gevoel, denke en handeling tot uitdrukking te bring, opnuut ontdek. Thomas A. Lotz wys daarop dat daar alreeds na die verband tussen fenomenologie en praktiese teologie ondersoek gedoen is en ook tussen semiotiek en praktiese teologie. Hy vra dan: "Kan praktiese teologie tegelyk fenomenologies en semioties geïnspireer wees?"

Vir wie sal die boek aanbeveel kan word? Natuurlik vir praktiese teoloë wat ook besondere belangstelling in die godsdiensverskynsels het; die sosioloë en miskien veral die godsdienssosioloë en filosowe wat in hulle belangstelling aansluiting soek by praktiese teologie.

Prof. S.P.J.K. Riekert.
Departement Bybel- en Godsdienskunde.
Fakulteit Teologie.
Universiteit van die Vrystaat.